Uitgawe 24-42

25 Oktober 2024

Posduif



Hluhluwe
Hluhluwe Wildtuin

NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL

Redakteur

Louis Nel

Kontak:

WhatsApp:

082 771 4925

E-pos: kommunikasie@ngkzn.org.za

Sinodale Kantoor

Ontvangs:

Lolla Bestbier

Tel: **033-345 2276/7/8**

E-pos: lolla@ngkzn.org.za

Ander kontakbesonderhede:
http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/

Webwerf: www.ngkzn.org.za

Lees vorige nuusbriewe:
http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/

Laai dokumente af:
http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/

In Hierdie Uitgawe

4 Dagboek
5 Genadige Voorreg
6 Reisiger in die Vreemde
8 Ontvangs van Ds. Tertius Naudé
9 Ballito hou Kersbasaar
10 Jeugrubriek
11 Boeke: Jesaja
12 Boeke: Bybelstudies
13 Boeke: Stil-weg
14 Venster tot die Heilige
15 Aansoeke vir Studiebeurs
16 Wat het Luther met my uit te waai?
17 Kaalvoetkennis
18 Kollig – dieper as wat jy sien
19 Hoe gemaak met kinders wat jok?
20 Oordenking
24 Laaste Woord

Dagboek

27 Okt. **Afskeid Ds. Tertius Naudé** - Meerensee

2 Nov. **Kermis** – Arboretum (Richards Baai)

2 Nov. **200 Jaar Hervormingsfees**

10 Nov. **Bevestiging Ds. Tertius Naudé** - Ballito

13 Nov. **Moderamen** – NG Gemeente Hayfields

19 Nov. **NG Gemeente Utrecht 170 jaar oud**

7 Des. **Kersbasaar –** NG Ballito Gesinskerk

Gee jou gemeente se funksies blootstelling deur dit op Kerkbode se Dagboek te laai.

Klik op gebeurtenis vir skakel

‘Genadige voorreg’

Twee NG vroueleraars verkies op SARK-leierskap

Deur Helene Meissenheimer

“In die lig van die geskiedenis, bly dit vir my heilige grond wanneer die NG Kerk met soveel oorgawe en opregtheid in die ekumene verwelkom word,” sê Dr. Nioma Venter ná sy en nog ’n NG vroueleraar vandeesweek verkies is tot die leierskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK).

Die SARK hou elke drie jaar ’n nasionale konferensie. ’n Nuwe uitvoerende leierskap is tydens die mees onlangse saamtrek (van 14-17 Oktober in Benoni) verkies. Venter, die NG Kerk se algemene sekretaris, is verkies as tweede vise-president van hierdie ekumeniese liggaam, met die Anglikaanse jeugleier Lulama Ntuta as die nuwe eerste vise-president.

Biskop Sithembele Sipuka van die Katolieke Kerk, ook president van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppekonferensie (SACBC), is die nuwe president en Eerw. Mzwandile Molo is verkies as nuwe algemene sekretaris van die SARK.

Dr. Nioma Venter sowel as Ds. Lerisa Meyer uit KZN is hierdie week verkies tot die leierskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK). Nioma en Lerisa het vanuit Benoni hierdie kort video gedeel:

YouTube Kyk die Video

Lees Volledige Berig

Ds. Edwin Cheer Andersson
Vryheid Klipkerk 1898-2021



Ek kry die afgelope week ‘n oproep van iemand wat op soek is na inligting oor sy oupa wat predikant was in Vryheid Klipkerk van 1898 tot 1921, Ds. Edwin Cheer Andersson. Hy het sy oupa se name geërf.

Toe stuur hy my hierdie interessante brokkie oor dié oupa, geskryf deur Johan van Zyl.

REISIGER IN DIE VREEMDE

Dit was my voorreg om nou die dag kennis te maak met iemand wat met trots oor die Europese reiswedervaringe van sy oupa vertel. Die ding wat die gesprek aan die gang gesit het, was die twee groot skilderye wat in die restaurant hang waar ek gaan koffie soek het.

"Dis dan ou meesters," het ek verwonderd teenoor die eienaar opgemerk. "Dis besonder groot vir 'n afdruk. Wat is die medium?" Toe hy antwoord dit is olie op doek, was ek verder in die war. Sulke kosbare skilderye kry jy nie gewoonlik in 'n bistro nie. Ek wou uitklaring kry daaroor.

Die eienaar se oupa, Edwin C Anderssen, was Kweekskoolstudent op Stellenbosch voordat hy in 1893 in sy eerste gemeente op Umtata bevestig is. Ná 'n vrugbare termyn in die bediening daar, waartydens hy as die "Biskop van Temboland" onder die plaaslike mense bekend geword het, het hy in April 1906 na Vryheid versit en die gemeente daar bedien. Dit was vir hom bekende terrein, aangesien hy daar kapelaan was tydens die Engelse oorlog.

Toe gaan hy in 1911 op 'n Europese besigtigings- toer en hou dagboek van alles wat hy gesien en beleef het. In sy eie woorde skryf hy van die "prachtige reis naar Rome, natuurschoon, bergen weersijden, dorpen op hooge heuwels. Vlakten geheel en al beplant, aartappelen, mielies, (veel nog jong), garst, haver, eikenboomen, olive en wijngaarden."

Tydens sy reis het hy 'n aantal skilderye gekoop, waarvan twee nou in die restaurant hang. Die een wat ek hier wys, gekoop in Florence, beeld die verskuiwing van die liggaam van Jesus van die kruis na die grafkelder kleurryk uit (foto).

Met dank aan Johan van Zyl - Geselsbrief # 217

Lees verder...

ONTVANGS VAN

Ds. Tertius en Beate Naudé

U word hiermee hartlik uitgenooi na Ds. Tertius Naudé se bevestiging as predikant van Ballito Gesinskerk en sy intreepreek.

SONDAG, 10 NOVEMBER 2024 OM 08:30

21 Drive In Weg, Ballito

Koek en tee sal na die erediens bedien word.

RSVP asseblief voor 08 November.

ballitogesinskerk

NG Gemeente Noordkus

KOOP • EET • KUIER

Kers BASAAR

07 DESEMBER

08:00

TOT

12:00

AGTER KLINIEK IN LEONORA STRAAT, BALLITO

ballitogesinskerk

NG Gemeente Noordkus

Jeugrubriek

Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

27 Oktober 2024

1 Begin hier

START

Anja is baie lief vir dans en haar gunsteling dansfliek is Dirty Dancing. Dit is ‘n ou fliek. Het julle dit al gesien?

In die fliek hou ‘n dokter en sy gesin vakansie by ‘n spoggerige vakansie-oord. Die jongste dogter, wat Baby genoem word, raak verlief op die hoof dansinstrukteur en as gevolg van fopnuus keur haar pa nie hierdie verhouding goed nie. In die laaste toneel, daag Johnny (die instrukteur) by die groot afsluiting van die vakansie-program op, stap na die tafel waar Baby saam met haar familie sit en sê dramaties: “Nobody puts Baby in the corner”. Hy vat haar hand en hulle twee doen die “grand finale” dans.

In die verhaal van Jesus wat blinde Bartimeus genees, word Bartimeus deur die mense amper ook in ‘n hoekie gesit en vertel om stil te bly en dan kom Jesus daar aan...

2 Lees

Markus 10:46-52

3 Gesels

- Is jy al ooit in ‘n hoekie gesit of vertel om stil te bly? Hoe het dit gevoel?
- Vertel van ‘n keer wat jy om hulp geroep het en God jou gehelp het.
- Weet jy van iemand wat om hulp roep en stilgemaak word? Hoe kan jy hulle help om gehoor te word?

4 Bid

Sê vir God dankie daarvoor dat God altyd na ons luister. As daar iets is waarmee jy nou hulp nodig het, vra vir God om jou te help.

5 Doen

Sit enige lekker liedjie op en dans met mekaar.

Julle kan ook die liedjie “Lord of the Dance” luister:
https://youtu.be/E0hMrQP1bsM



JESAJA – Die HERE is Verlosser

Neels van Tonder



Soms word na die boek Jesaja as die vyfde evangelie verwys. Die rede daarvoor is dat die profesieë oor hoop vir die toekoms handel en die boodskap tydloos tot omstandighede in elke eeu kan spreek.

Die werk is as ’n Bybelstudiehandleiding geskryf en bestaan uit 35 lesse. Die publikasie kan ook baie goed vir die voorbereiding van preke gebruik word.

In elke hoofstuk word ook inligting met ’n Bybels Argeologiese strekking behandel. Die omvang van die inhoud sluit onder andere in:

Die roeping van Jesaja; Die Immanuelteken; Jesaja loop vir drie jaar kaal; Geval, geval het Babel! Hiskia se siekte en gebed; Gelukkig is dié wat reg leef; ’n Nuwe hemel en nuwe aarde.

Meer Besonderhede

'n Boekwinkel met die oog op Gemeentebou

www.prokurio.co.za

Dis tyd vir beplanning vir 2025!

1. **Dirkie van der Spuy** het pas 'n boek geskryf oor **Omgeegroepe**. Dit is 'n samevatting van sy Bybelstudies wat hy gebruik het om 'n gewone gemeente te transformeer na 'n dinamiese gemeente van kleingroepe wat die groei in Moreleta bewerkstellig het.

Inhoud:

- Die boek **BYBELSTUDIE vir OMGEEGROEPE** het 11 kwartale se Bybelstudies wat oor 3 jaar 'n wesenlike verdieping in elke gemeente sal bring
  - Dit handel oor Visie vir groei
  - Wanneer die Heilige Gees werk
  - God se Karaktereienskappe
  - Gebed
  - Die Huwelik en Gesin
  - Omgeegroepe
  - Die Opdrag om te Getuig ens. ens…
- **Agter in die boek is heelwat TOERUSTING vir LERAARS** oor: Hoe om 'n veldtog in 'n gemeente te begin, hoe'n kleingroep behoort te werk, Hoe om die Leiers toe te rus ens ens…?
- **Video van Dirkie van der Spuy** wat vertel: https://youtu.be/fUuWkcMbhjI?si=h9pr7LeQrnXWLMOI
- **Bestel die boek by** https://prokurio.co.za/product/bybelstudie-vir-omgeegroepe/

2. **Kyk ook na vele ander Bybelstudies op die PoKurio se webwerf** https://prokurio.co.za/product-category/bybelstudies/?lang=af

3. **Katalogus van ander ProKurio Gemeentebou materiaal** https://prokurio.co.za/wp-content/uploads/2024/10/Prokurio-Catalogue-Okt-2024.pdf

Meer Besonderhede

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

BOEK
Bekendstelling

RSVP
berlise@clf.co.za
voor 30 Oktober

Sluit by ons aan vir die bekendstelling van Carel Anthonissen se boek Stil-weg

DINSDAG 5 NOVEMBER 2024

10.00 vm - 12.00 nm

ANDREW MURRAY SENTRUM VIR SPIRITUALITEIT, WELLINGTON

Bywoners kry 20% afslag op aankope



Meer Besonderhede

Kyk weer-reeks (Deel 2): Venster tot die heilige



Beelde oorheers ons bestaan, maar tog vind ons soms juwele van wysheid by mense wat geleer het om dieper te kyk as oppervlakkige advertensies, onnatuurlike redigering van voorbladfoto's en die kamma-perfeksie van kunsmatig-gegenereerde prentjies waarmee baie deesdae spog.

Neels en Louise Jackson is sulke mense – afgetrede mense wie se reis met fotografie 'n venster geword het na 'n dieper spirituele werklikheid en waardering van die skoonheid van God se skeppingswerk.

Daar's 'n besondere rustigheid in die manier waarop die Jacksons hul aftrede benader. Ver verwyderd van die stereotipiese beeld van 'n "vervelige rustyd", het hulle 'n lewensritme gevind wat fotografie en geloof nou verweef.

Met dank aan VrydagNuus

Lees Verder...

Aansoek vir n Studiebeurs

Goeie nuus vir voornemende studente:

Enige persoon wat in die NG Kerk is, mag aansoek doen vir 'n studiebeurs van die KZN Sinode.

Die aansoekvorm word ingevul en deur die betrokke Predikant geteken. Daarna word daar na punte, inkomstes, hoeveelste studiejaar ens. gekyk. Dit word dan voorgelê aan die SOS wat die finale besluite neem.

Let wel: hierdie is 'n beurs, nie 'n lening nie, so dit word nie terugbetaal nie.

Laai asseblief die aansoekvorm af by die skakel hier onder.

Aansoekvorm vir Studiebeurs

Hervormingsondag

Wat het Martin Luther met my uit te waai?

Dink jy ooit daaraan waarom jy op ‘n gewone Sondag in die kerk sit, Bybel in die hand? Of waarom jy kan kerkgaan sonder om elke week ‘n EFT te maak om vir jou sondes te betaal? As jy nog nie daaraan gedink het nie, dan is dit tyd om terug te kyk na 'n revolusionêre gebeurtenis meer as 500 jaar gelede.

Hierdie jaar op 27 Oktober vier die NG Kerk saam met al die ander kerke wat deel vorm van die Protestante tradisie Hervormingsondag. Maar hoekom herdenk ons iets wat so lank gelede gebeur het? Wat het Martin Luther, Wittenberg en die 95 stellinge met vandag se kerk en samelewing te doen? Heelwat meer as wat jy dalk dink!

Die Hervorming het in 1517 begin toe Martin Luther sy 95 stellinge teen die misbruike van die Katolieke Kerk gepubliseer het. Vandag nog, op Hervormingsondag, vier ons die erfenis van hierdie beweging wat die wêreld se denke verander het.

Met dank aan VrydagNuus

Lees verder...

Kaalvoetkennis …

Deur Cas Wepener

kerkbode

Om te ken behels ’n lyflike kennis. Ons ken juis ook deur ons sintuie. Dit beteken dat my voetsole oor skerp rotspunte en skulpe wat sny loop wanneer ek oor “armoede op voetsoolvlak” in Suid-Afrika lees. Ek dink daar is kennis wat ek slegs kaalvoet kan optel wat nou krities belangrik is in ons land, skryf Cas Wepener.

My laerskoolvriendjie se gesin het uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. En wanneer ek by hom gaan speel het, moes ons ons skoene by die voordeur uittrek en dan op ons sokkies in die huis rondloop. Dit is ’n totaal ander belewenis van ’n ruimte wat jy kry, as jy nie sole tussen jou en die vloer het nie. Wat jy met jou stewels aan nie weet nie, weet jy nou – mat, plank, teëls. Jy voel ook nat vloer, skoon vloer, sanderige vuil vloer. En dikwels is daar een toon wat meer voel as die ander nege tone weens daardie gaatjie in die een sokkie.

Lees verder...

Kollig Episode 33

"Dit gaan dieper as wat jy van buite sien....."

Maatskaplike vertel oor werk met haweloses.

Dit is die verskil wat jy in hulle oë sien. Die hartseer, selfs leë oë wat lewe kry. Dit maak dat sy bly. So vertel Ntateng Poni, 'n maatskaplike werker by 'n 'safe space' van MES. Hier werk sy saam met 'n span kundiges wat hawelose mense wil help om weer hulle menswaardigheid te vind. Sy vertel hoe nou probleme met geestesgesondheid loop met hierdie dikwels tydsame helingsproses. Die werk, wat sy saam met 'n span kundiges aanpak, stel groot uitdagings, maar, sê sy, as hulle dit nie doen nie, wie sal? Kollig se Podsending met Poni volg op ons vorige gesprek met Elize Felton, 'n inwoner en deelnemer van MES se 4-stapprogram. Luister gerus daarna.

Luister Hier

Hoe gemaak met kinders wat jok?

Jy kan dit aan jou kind se lyftaal sien: dít is nie die waarheid nie. En jy kners by voorbaat op jou tande. Hoe gemaak met kinders wat die waarheid verdraai – of sommer blatant jok?

Kinders wat jok kan vir ouers ´n gewetenswroeging wees. Ons wil almal graag kinders grootmaak wat eerlik en verantwoordelik optree en wanneer jy besef dat jou kind (alweer) na die eerste en beste storie as verskoning gryp, kan ouers voel asof hulle in hulle taak misluk.

Hoekom jok my kind?

In sy boek “Real Love” sê die skrywer Greg Baer die volgende: “Mense jok nie omdat hulle sleg is nie. Hulle jok omdat hulle bang is.” Die meeste mense sal, wanneer hulle gevra word, erken dat eerlikheid en integriteit vir hulle belangrik is en dat hulle wel waarde daaraan heg.

LiG Lees die artikel in LIG tydskrif

Oordenking

‘n Gemeente in Antiogië

Handelinge 11:19-26

YouTube Kyk Oordenking op Youtube

Lukas het net so terloops in hoofstuk 8 gemeld dat die gelowiges uitmekaargespat het ná Stefanus se wrede dood. Nou, in hoofstuk 11 gee hy die besonderhede. Hy vertel dat sommige na Fenisië gevlug het. Dit is ‘n smal kusstrook, slegs 12km breed tussen Israel en Sirië. Ander het na Ciprus gevlug en ander weer na Antiogië. En hier in Antiogië speel die volgende deel van die verhaal af.

Antiogië was die derde grootste stad in die wêreld in daardie tyd, naas Rome en Aleksandrië. Dit het ‘n inwonertal van ‘n halfmiljoen mense gehad waarvan omtrent 50’000 Jode was. Die stad was geleë aan die Orontesrivier (vandag Antakya).

Omdat daar soveel Jode in die stad was, het die gelowiges vinnig tuis gevoel en het hulle die Evangelie wyd en syd verkondig so ver as wat hulle gegaan het. Die Evangelie was aanvanklik slegs aan Jode oorgedra maar weldra het hier ‘n nuwe wending gekom toe gelowiges uit Ciprus en Sirene in Antogië aankom.

Hulle het met die sogenaamde Helleniste, die Griekssprekende gemeenskap gesels. Die inhoud van die “sendelinge” se boodskap was eenvoudig: “Jesus is die Here!” Onthou, hierdie heidene het niks van die Joodse Godsdiens geweet nie en dit sou dus absoluut niksseggend wees om vir hulle te probeer verduidelik dat Jesus die Messias is wat sou kom en dat dit deur die profete voorspel was. Die term “Here” ken hulle egter goed want so het hulle hulle godhede asook die Keiser aangespreek. Die verskil is egter dat hulle nou moes verneem dat daar slegs één Here is, naamlik Jesus!

Die nuus van hierdie verwikkelinge het gou na Jerusalem oorgewaai en Barnabas, een van die leiers is gestuur om te gaan kyk of alles in ooreenstemming met die Evangelie verloop soos die apostels dit verkondig. Hy moes ook ‘n band bewerkstellig tussen die Jerusalemgemeente en die kerk in Antiogië want hulle is immers almal deel van dieselfde geloofsgemeenskap. Afstand, kultuur, taal, ruimte - níks mag skeiding maak tussen gelowiges nie!

Ek dink dit was ‘n bekommerde Barnabas wat die lang reis na Antiogië aangepak het. Wat sou hy daar aantref? Watter soort dwaalleringe sou daar nie dalk al rondlê nie? Daar was immers niemand wat “opgelei” was om die Evangelie te verkondig nie! Groot was Barnabas se verbasing toe hy daar aanland en absoluut géén fout kon vind met die Evangelie wat daar verkondig was nie.

Barnabas het dadelik besef dat dit nie mensewerk was nie maar die werk van God self wat hierdie splinternuwe en baie anderse gemeente tot stand gebring het. Al wat hy kon doen was om maar net die gelowiges aan te spoor om die pad voluit te stap!

Ons kan Barnabas se oordeel oor die geestelike stand in die gemeente nie ligtelik opneem nie want hy was ‘n man met baie besonderse geestelike kwaliteite. Hy was immers die man wat hom destyds oor Saulus ontferm het toe niemand iets van hom wou weet nie. In die rukkie wat Barnabas in Antiogië spandeer het, het die gemeente letterlik uit hulle nate gebars want groot getalle mense het gelowig geword.

Barnabas het begin besef dat die gemeente vir hom te groot geword het en dat hy dit beslis nie alleen sou kon hanteer nie. Hy was dus genoodsaak om te gaan hulp soek! Hy besluit dat Saulus nét die regte man sou wees om op te kommandeer. So vertrek hy na Tarsus waar Saulus al vir die afgelope paar jaar besig was om in sy geboortestad die evangelie te verkondig. Saulus stem dadelik in en daar word ‘n hegte vriendskapsband gebind!

In Antiogië word die term “Christene” vir die eerste keer vir die gelowiges gebruik want hulle was volgelinge van Christus. Hierdie is nie ‘n naam wat die gelowiges hulleself toegeëien het nie maar dit is deur buitestaanders aan hulle gegee. Die gelowiges het hulleself bloot “geroepenes”, “gelowiges” of “die kerk” genoem.

Die Here werk op wonderlike en dikwels onverstaanbare maniere en dit neem ons dikwels baie jare om God se hand agter sekere gebeurtenisse te sien. Die wrede dood van Stefanus het daartoe bygedra dat die kerk geblom het, ver buite die grense van Israel en dat ook heidene daar deel kon word van die kerk. En wat van Saulus? Hy het daar in Tarsus waarskynlik gewonder wat die Here se doel was met sy lewe. En toe daag Barnabas op met ‘n “werksaanbod”. ‘n Paar jaar later is dit júís die einste gemeente in Antiogië wat Saulus op sy eerste sendingreis stuur. Die res is geskiedenis! Nee, nie sommer-so se geskiedenis nie maar ‘n opwindende verhaal van bittere swaarkry, wonderlike suksesse, verwerping, aanvaarding. En die kerk wat oor die hele wêreld versprei! As Saulus geweet het dat die tronk verskeie kere sy voorland sou wees en dat hy doodgegooi sou word met klippe deur ‘n woedende skare (wel, amper dood!) - sou hy nog saam met Barnabas gegaan het? Sou jy? Vandag is daar talle gelowiges wat hulle in sulke situasies inbegewe, wel-wetende van wat op hulle wag. Geopende Deure is maar een van 'n hele aantal organisasies wat die Evangelie onverskrokke uitdra na plekke waar dit verbied word!

Gebed:

Here, ek loof en prys U vanoggend want ek weet dat U in beheer is, al voel dit soms nie so nie. Dankie dat ek op U kan vertrou vir die toekoms!

Laaste Woord

Josef het in Egipte gebly, hy en sy hele familie. Hy het honderd en tien jaar oud geword.

GEN 50:22

Baie dankie, Here, dat U wat ons in hierdie lewe in-bring, ons op U volmaakte tyd uit hierdie lewe neem.

Amen

LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Vrydag **25 Oktober** 2024

Prof. Barry Tolmay

@Krantzkloof Gemeente